



**WELKOM | Groot op genade**  
"Die Here is ons Herder..."

## Brief aan lidmate van Kraggakamma Gemeente

18 Maart 2020

*Liewe vriende*

Die leiers van ons gemeente het so pas omvattend en biddend die impak van die COVID-19 bedreiging vir ons gemeente bespreek. Ons het ook die nodige kundiges gevra om ons daarmee te help.

As gemeente glo ons dat ons geroep is om tot die beste van ons vermoë by te dra tot die voorkoming en verspreiding van die virus, veral ten opsigte van bejaarde en meer kwesbare mense en weerlose gemeenskappe. Ons is oortuig dat die noodtoestand wat die President afgekondig het, die beste reaksie vir ons land is.

Die verspreiding van die virus geskied deur nabye kontak tussen mense en dit moet soveel moontlik voorkom word.

As leiers wil ons hierdie tydperk gebruik om nuwe en relevante maniere te vind om 'n lewende fontein van God se liefde vir mense te wees. Ons besef dat hierdie tyd vir ons as gemeente so paar uitdagings inhou, maar ons vertrou dat julle saam met ons die pad sal stap. Na aanleiding van ons gesprekke, het die dagbestuur die volgende besluite geneem.

### EREDIENSTE

Alle eredienste in die kerkgebou word afgestel tot verdere kennisgewing. Dit sluit in die Paasdiens en die Groot Lydensweek. Hou asb al ons kommunikasieplatforms dop vir inligting oor digitale/virtuele eredienste vanaf eerskomende Sondag. Gaan loer gerus in by ons YouTube kanaal, *Kraggakamma Gemeente*, later die week.

Link [https://www.youtube.com/channel/Uckse-S7m79VA4d5VIJQULMA?view\\_as=subscriber](https://www.youtube.com/channel/Uckse-S7m79VA4d5VIJQULMA?view_as=subscriber)

Ons weeklikse HUISGELOOF met preeknotas sal steeds uitgestuur word. Gebruik asb die geleentheid om as gesinne en vriende daarvoor te gesels.

Inligting sal ook op die webwerf beskikbaar gestel word. Indien iemand gedrukte preke of CD's van preke verkies, kontak asseblief met die kerkkantoor.

## KOMMUNIKASIE

Maak asb seker dat jy deel is van ons WHATSAPP KOMMUNIKASIE. Stuur jou naam in 'n WhatsApp aan 071 493 5998. Maak ook seker dat jy hiërdie nommer as 'n kontak stoor om sodoende die boodskappe te ontvang. Kontak gerus vir Niekie by die kerkkantoor vir meer inligting.

## ANDER BYEENKOMSTE EN AKTIWITEITE

Alle ander gemeente aktiwiteite word afgestel tot verdere kennisgewing. Dit sluit in: Bybelstudies / kleingroepe / #Imagine / Leef@Kerk / Kategese / Fonteinvriende geleenthede / Stella Londt en Kraggakamma Uitspanning bidure ens.

'n Besluit oor die kermis sal na Paasnaweek geneem word.

## KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal vanaf Woensdag 18 Maart slegs elektronies of telefonies beskikbaar wees vir enige navrae. Die leraars is ten alle tye steeds beskikbaar. Kontak ons gerus.

Kerkkantoor                    041 360 1484 | [kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za](mailto:kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za)

MG van Rooyen                083 412 7100 | [mgvanrooyen@telkomsa.net](mailto:mgvanrooyen@telkomsa.net)

Deon Els                         072 276 7555 | [els\\_deon@yahoo.com](mailto:els_deon@yahoo.com)

Ons gaan siekebesoek tot 'n minimum beperk. In geval van begrafnisse versoek ons u dat slegs 'n klein groepie familie en vriende dit bywoon.

## FINANSIËLE BYDRAES

Ongelukkig word ons gemeente se finansiële verpligtinge nie in die tyd minder nie. As gemeente is ons afhanklik van die weeklikse en maandelikse dankoffers. Die besluit om die eredienste vir eers te staak, beteken dat die groot bron van weeklikse inkomste nie meer bestaan nie. Ons doen dit in totale afhanklikheid van die Here. Ons vra dat julle saam met ons in gebed en ondersteuning die pad sal stap. Ons is verbind ons om ons verantwoordelikheid ten opsigte van die ouetehuis, kindershuis en ander Christelike bedieninge na te kom.

Dankoffers en maandelikse bydraes neem nou 'n nuwe vorm aan en kan steeds gemaak word deur middel van EFT's in die kerk se bankrekening en Snapscan.

Die persone wat dankoffer inbetaal deur middel van die koevert stelsel, kontak asb die kerkkantoor.



Gebruik SnapScan en betaal jou:  
Dankoffer  
Maandelikse Bydrae  
Donasie, ens..

## Bankbesonderhede

NG Kerk Kraggakamma | Absa | Rek: 1400590091 | Verwysing: Naam en Van

## DIENSBAARHEID OP 'n NUWE MANIER

- Ons moenie nou voorraad opgaan nie – die arm gemeenskappe sal meer daaronder ly.
- Moenie nou barmhartighedsaksies stop nie – dink liefsvol kreatief om kontak te beperk maar steeds voort te gaan.
- Moenie nou geld weerhou nie – dit is juis nou die tyd om beursies oop te maak – armes is meer kwesbaar.
- Die harde werklikheid is dat die meeste Suid-Afrikaners, wat lidmate van ons kerkfamilie insluit, afhanklik is van hul week/maand inkomste om te oorleef. Lidmate wie sulke werkers in diens het, word opgeroep om aan hulle hul dag/week/maand loon te betaal, al kan hulle nie inkom om die werk te doen nie.

## HOU JOUSELF EN ANDER VEILIG

- Leef asof jy en almal die virus het. So dien ons mekaar in liefde.
- Was jou hande gereeld; gebruik hand reiniger en ontsmet oppervlaktes.
- Moenie aan jou gesig vat nie.
- Wees vriendelik, maar vermy enige fisiese kontak met mense. Doen die elmboog groet.
- Vermy fisiese kontak met siek mense sonder om op te hou omgee.
- As jy siek is, bly tuis.
- As jy in gebiede was waar mense positief getoets is vir die virus, plaas jou vir 14 dae in self-kwarantyn.

## ONS IS GOD FONTEIN VAN LIEFDE

Ons glo dat om 'n fontein van liefde in die huidige konteks van Suid-Afrika te wees, beteken om alles binne ons vermoë te doen om die verspreiding van die COVID-19 virus te voorkom. Ons roep elke gelowige op om onophoudelik te bid vir die ekonomiese en sosiale nadraai van hierdie pandemie.

Ons bid dat die boodskappe wat week na week uitgestuur word, 'n nuwe wêreldwye impak sal maak. Ons glo dat die erediens nou geleef moet word. Ons versterk jou met die volgende

woorde van 2 Timoteus 1:7: “Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met maar van krag en liefde en selfbeheersing.”

“Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees,” (Fil 1:9-10)

Vrede in Christus

Kerkraad Kraggakamma Gemeente